

Súlke tande vra spanwerk

Sylvia van Zyl

Twee Pretorianers het oor die afgelope 12 jaar meer as 20 olifante gehelp om weer te kan “tande wys”.

Dr. Gerhard Steenkamp is ’n senior lektor van Onderstepoort se tandheelkunde-kliniek. Hy werk saam met prof. Danie Burger, ’n meganiese ingenieur en dosent in die departement meganiese en lugvaartkundige ingenieurswese by die Universiteit van Pretoria, om olifante met tandprobleme te help.

Volgens Steenkamp ontwikkel olifante meestal tandprobleme wanneer hulle ba-klei en ’n tand só beskadig of as hulle val en ’n tand kraak.

“Dis waar ek en Danie ’n wenspan maak. Daar is twee hoofprosedures. ’n Tand word óf getrek óf gestop.

“Dit hang af van hoeveel die tand beskadig is en hoe lank die dier al met die beskadigde tand rondloop.

“Hoe vinniger ons die tand kan behandel, hoe beter,” sê Steenkamp.

Volgens hom is die eerste stap dan om saam met die betrokke olifant se private veearts die probleem te diagnoseer.

Daarna is dit Steenkamp se werk om die operasie en die herstelwerk aan die tande te doen, terwyl Burger en sy span sorg dat hy altyd pasgemaakte chirurgiese instrumente het wat geskik is vir dié groot taak.

Dié span het reeds vele pasgemaakte instrumente ontwerp en vervaardig. Dit sluit onder meer tange, beitels, hake en ’n groot hoeveelheid boorpunte in.

“Ons het in 2002 die geleentheid gehad om op ’n dooie olifantbul se tande te eksperimenteer. Dié proses was ’n baie goeie oefenlopie vir ons om te sien watter instrumente sal werk en hoe bestaande instrumente aangepas kan word,” sê Steenkamp.

Op die vraag of dié prosedures altyd suksesvol is, antwoord Steenkamp dat al die olifante wat hulle al gehelp het, nie meer pyn gehad het ná die prosedures nie.

“Soos die tegnologie verbeter en ons ook self meer leer, gaan ons partykeer terug om ’n spesifieke olifant weer te behandel.”

Sedert Steenkamp in 1999 die eerste prosedures op twee klein olifantjies uitgevoer het, het hy al olifante in Zimbabwe, China, Egipte en Zambië gehelp.

Hy hoop om binnekort na China terug te keer om twee walrusse te help wat tandprobleme ervaar.

Dr. Gerhard Steenkamp gebruik n pasgemaakte endoskoop om oorblywende stukkies tand te verwyder nadat ’n olifant se tand getrek is. Die lang silwer instrument is spesiaal hiervoor ontwerp in samewerking met prof. Danie Burger. Foto: adrian tordiffe